ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Oktober 2023 (82)

# OKTOBER IS BEJAARDE MAAND

Grootouerskap is ‘n bonus omdat dit sin aan jou lewe gee. Indien jy die voorreg het om jou kleinkinders naby jou te hệ sodat jy hulle byna elke dag kan sien, het dit ‘n groot invloed op die rol wat jy in hulle lewe kan vertolk. Die warmte van jou menswees, die omgee en gesels en beskikbaar wees, het meer blywende waarde as die talle geskenke wat uit verliesbare goed bestaan.

Indien jy egter ‘n langafstand-grootouer is met kinders wat ver van jou af woon, of in die buiteland, is dit nog steeds moontlik om ‘n bevredigende verhouding met jou kleinkinders te hệ. Jy kan nog steeds met hulle kommunikeer en hulle laat verstaan dat jy hulle liefhet en graag deel van hulle lewe wil wees. Gereelde kreatiewe kommunikasie sal ‘n brug bou oor die afstand wat julle skei en sorg dat julle gereeld aan julle liefde vir mekaar herinner word. Dit gaan egter heelwat meer beplanning verg as gevolg van verskillende tydsones.

Die wonderlike ding van ‘n selfoon is dat jy kan “face time”. Dis nou nadat jy ‘n slimfoon gekoop het en ‘n data-pakket.Ons hoef nie meer te sukkel met briewe en kaartjies en fakse en landlynoproepe nie. “Skype” en eposse staan ook agter in die ry. Reël net met jou kinders ‘n vasgestelde tyd wat almal pas (sodat jou hare darem gekam is). Met jou wonderlike selfoon kan jy ook foto’s ontvang en stuur en dus sodoende in voeling met hulle groei-fases bly.
Oupa en Ouma moet net tegnies-georiënteerd raak en dan is afstand nie meer ‘n probleem nie.

## KOMMUNIKASIE TYDENS KRAGONDERBREKING

Die interne telefoonstelsel van die **woonstelle** is gekoppel aan die Landgoed se noodkragopwekker, en daar is dus geen probleem vir Sekuriteit by die hoofhek om u te kontak wanneer u besoekers kry tydens 'n kragonderbreking nie, of om die kantoor of u buurvrou te skakel nie.

**Nuwe toerusting** is ook geïnstalleer in die waghuis by die hoofhek sodat sekuriteit die **huisinwoners** kan kontak **op 'n ander stelsel** tydens 'n kragonderbreking. **Een selnommer per eenheid** is geprogrammeer om huisinwoners te bereik, dmv 'n kode wat aan elke selnommer toegeken is en sekuriteitswagte sien dus nie u selfoonnommer nie.

Huisinwoners kan slegs per interne foon met mekaar kommunikeer as albei huise van sonkrag gebruik maak, aangesien die interne foonstelsel van elektrisiteit gebruik maak om te werk
Huisinwoners word versoek om met Ontvangs te bevestig dat die korrekte selnommer aan u eenheid toegeken is.

## COMMUNICATION DURING POWER FAILURES

The internal telephone system in the **apartments** is connected to the emergency generator of the Estate and there is no problem for Security to contact the apartment-residents when their visitors arrive during power failure, or to contact Reception or the neighbour.

**New equipment** has been installed in the guard house at the main gate to enable security to contact the **house**-residents with a **separate instrument** during a power failure. **One cell number per house** has been programmed to reach house-residents. A code has been allocated to each cell number, therefore security guards will not be able to see any cell number.

House residents can only communicate with each other with the internal phones when the houses of both callers are running on solar power, because the internal phone system uses electricity to operate.

House-residents are requested to contact reception to confirm that the correct cell number has been allocated to your unit.

## BANKBEDROG

1.Moenie die slagoffer word van skelms nie. Hulle vind altyd nuwe maniere om jou te bedrieg. Die nuutste:
-Skelms stuur 'n sms wat lyk asof dit van jou bank af kom, wat jou in kennis stel dat daar onwettige transaksies op jou rekening plaasvind.
-Dit mag 'n nommer bevat wat jy moet bel.
-Dit word opgevolg met 'n oproep wat dit bevestig en vra dat jy op jou bank of app moet inteken om te magtig dat die valse transaksie gestop word.

2.ONTHOU: Jou bank sal jou nooit versoek om:
-Aan te teken om transaksies terug te trek of te kanselleer nie.
-Om fondse oor te plaas na 'n veilige rekening" om onwettige transaksies te verhoed nie.
- Om enige vertroulike inligting soos PIN te verskaf met oproepe of SMSe nie.

3.WAT OM TE DOEN:
Kontak jou bank se BEDROGLYN onmiddellik wanneer :
-Jy enige SMS ontvang tov waarskuwings oor onwettige transaksies.
Moenie die nommer terugskakel wat in die sms verskyn nie.
-'n Oproeper jou vra om enige transaksie te doen om bedrog te stop.
- 'n Oproeper jou vra vir enige persoonlike inligting of banknommers.

## DON'T BE A VICTIM OF CALL SCAMS

Scammers are always coming up with new ways to steal your money. The latest:
-Scammers send an SMS that appears to be from your bank, informing you of "suspicious" activity on your account.
-It may contain a number for you to contact.
-It is followed by a call asking you to sign in to internet banking on our app to approve or perform a transaction to stop fraud.
This is a trick to make you believe that you are communicating with your bank, while instead, you will be transferring your money to scammers.
CONTACT your bank's fraud line immediately if:
You receive a SMS warning you of suspicious activity on your account;
-If a caller asks you to perform a transaction to stop fraud;
-A caller asks you for confidential information.

## MEDIES:VOETE (deel 1)

'n Mens se voete bestaan saam uit 52 bene, 66 gewrigte en 40 spiere plus nog 'n klomp senings en ligamente. Baie plekke waar baie dus verkeerd kan gaan. Ons voete neem ons tot aan die einde waar ons moet kom-pas hulle op!

1.Diabetes
Hoë bloedsuiker kan die senuwees en bloedvate in jou voete beskadig wat die bloedtoevoer na jou voete belemmer en kan lei tot verlies aan gevoel in jou voete. Dit kan ook daartoe lei dat seerplekke aan jou voete nie maklik gesond word nie en gangreen en amputasie van 'n toon of hele voet is dikwels die uiteinde daarvan.

2.Perifere bloedvatsiektes kan die bloedvloei na jou voete verminder agv plaak wat in jou are opbou. Die siektetoestand word ook geassosieer met skade aan die hart en brein wat lyers daaraan se risiko om 'n hartaanval of beroerte te kry, verhoog. Simptome sluit in krampe in jou bene ná sekere aktiwiteite soos loop of trappe klim, koue voete, sere aan jou voete of bene wat stadig genees, stadige groei van toonnaels en 'n swak pols in jou bene of voete.

3.Osteoartritis word gewoonlik deur slytasie van die kraakbeen veroorsaak en kan lei tot die misvorming van jou tone en voete. Rumatoïede artritis is 'n outo-immuunsiekte wat inflammasie van die gewrigte veroorsaak.

4.Jig kom voor wanneer uriensuur in die liggaam opbou. Dit word veroorsaak deur oormatige alkoholinname, wat ons eet en drink en niere wat nie reg funksioneer nie. Dit kom veral in die groottoon voor en is baie pynlik. Raad: Medikasie, regte dieet, gereelde oefening, drink baie water en gesonde gewig.

5.Atleetvoet word deur 'n swam veroorsaak en 'n room om die swam te beveg, is noodsaaklik. Dra net katoen sokkies.

6.Liddorings is verdikte vel wat gevorm word om daardie deel van die voet te beskerm teen irritasie. Dit word gewoonlik veroorsaak deur skoene wat op daardie plek druk of skuur.

(Deel 2 in volgende nuusbrief)




**CSI PERSONEEL**

Ons het 'n nuwe personeellid bygekry in die plek van een wat ons verlaat. (Chantelle se dogter Bailey in Carrie Ann se arms)

Chantelle, die assistent bestuurder, was besig met haar studies in finansiële bestuur toe sy onverwags swanger word. Sy was met kraamverlof vanaf Mei 2023 en keer terug op 2 Oktober 2023 om weer haar plek vol te staan.

Carrie-Ann wat voorheen by die landgoed as administratiewe assistent gewerk het vanaf 2015 tot einde Augustus 2021, het tydelik by die landgoed aangesluit om Marina in ontvangs te help tydens Chantelle se afwesigheid. Sy en haar man het mekaar ontmoet terwyl hulle albei dansinstrukteurs was en is tans besig met die administrasie rondom hulle emigrasie. Haar man het reeds werk gekry in Ierland.
HEV en die res van bestuur bedank haar vir haar bekwaamheid en gewilligheid om te help en wens haar en haar gesin voorspoed toe met hulle reisreëlings.

## AMIRA

wệreldbekende sangeres, het die inwoners vermaak op Maandag 24 Julie. Kaartjies was reeds vroeg uitverkoop en menige inwoner wat te lank gedraai het, was teleurgesteld omdat hulle nie toegang kon kry nie.

Die geleentheid is gereël deur Johan du Preez (Sosiaal) en was 'n reuse sukses.



















**SOSIAAL**

Op Vrydag 25 Augustus het Phillip Kotze en Vriende die landgoedinwoners in die saal vermaak met treffers van toeka tot nou.

Dit het groot byval gevind onder die inwoners, wat heerlik saam hande geklap het. Verskeie mense van die Sorgsentrum het dit ook bygewoon
Gereël deur Johan du Preez (Direkteur Sosiaal)

**WATERDRUK-grootliks vir woonstelbewoners.**

Maandae is dit meeste van die 413 huishoudings se wasdag, tuin-natmaakdag en huisskoonmaak-dag. Omdat die 263 huise laer geleë is as die woonstelle, is die waterdruk by die huise die hoogste. Indien jy in 'n woonstel bly op die derde vloer, is die drukking by jou die laagste. Of dit nou gaan oor waterlekke wat herstel word; of opgaardamme (reservoirs) wat nie vol is oor beurtkrag nie; of oormatige gebruik deur die mense-daar gaan tye kom wat jy nie water in jou krane het nie.

Daar is nou voorsiening gemaak vir 50 200 liter noodwater in die landgoed vir toiletspoel ens. Dit is nie vir tande borsel, teemaak of koskook nie. Indien jy teen hierdie tyd nog nie voorsiening gemaak het vir 10 liter drinkwater in jou woonstel nie, moet jy maar "suffer" soos ant Stienie gesệ het. Twee 5-liter kanne vat nie baie spasie nie! Of 2-liter kanne as 5-liter te swaar is. Jy kan nie elke keer iemand anders beskuldig as jy nie jou tande kan borsel omdat jy nie self voorsiening gemaak het nie! Die land van melk en heuning beleef 'n krisis!

(Redakteur-ook 'n woonstelbewoner)

**INSPIRASIE: RY, BLY, KRY…wie is jy?**

Dit wat jy ry ("jou wiele"), daar waar jy bly ("jou adres"), en dit wat jy kry ("jou inkomste") sệ blykbaar wie jy is. Helaas omraam sulke stereotipes ons almal in 'n realiteit van HAVE GOTS en HAVE NOTS. Jakobus waarsku gelowiges egter om mekaar se waarde nooit te meet aan die hand van sulke ry-, bly- of krydinge nie. In Jakobus 1:10 sệ hy diegene wat ryk is, moet arm en nederig wees voor God. Hulle moet ook sorg vir mense wat broodgebrek ly, soos wat hy in Jakobus 2:15-17 skryf. Op hul beurt moet gelowiges wat swaarkry, trots wees op hul verhewe posisie en rykdom in die Here (Jakobus 1:9)
Jakobus 2:1-7 leer voorts dit is verkeerd om deftig geklede mense anders te behandel in kerklike samekomste as arm geklede mense. Uiteraard is die omgekeerde ook waar. Arm gelowiges mag ook nie jaloers of bitter wees nie. Hierdie opdrag aan alle gelowiges geld vandag nog. Ons mag nooit met jaloesie of afguns na mekaar kyk op grond van uiterlike dinge nie.

(Stephan Joubert)

## KOMMISSARIS VAN EDE

Attie du Plooy van Kwikkiestraat is ‘n Kommissaris van Ede en kan help met sertifisering van dokumente en beëdiging van verklarings, teen **geen koste**. Onthou egter om u oorspronklike dokument en die afskrif beskikbaar te hệ. Skakel hom by 3190 of 083 762 8895 vir bevestiging van beskikbaarheid.

Attie is ‘n regskonsultant verbonde aan Business & Legal Consultants (Edms) Bpk, in assosiasie met Cilliers & Reynders Prokureurs, wat ‘n verskeidenheid gespesialiseerde regs-fidusiệre dienste lewer:
-Holistiese boedelbeplanning
-Statutệre nakoming van toepaslike wetgewing
-Oprigting van Inter Vivos Trusts
-Oprigting en administrasie van Spesiale Trusts
-Opstel van testamente
-Bereddering van bestorwe boedels
-Fidusiệre litigasie
Die gewone regskostes is van toepassing op bogenoemde dienste.

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook ‘n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie

212 Gideon en Anna Jordaan
219 Blackie en Vonnie Swart
260 James en Betsie Nawn
8 Antoinette Dreyer (vanaf 1
1 Dan Donoghue (vanaf 1104
95 Dolphine v Zyl (vanaf 219
1104 Marthie van Rooyen

## OKTOBER is lente maand!

Geniet die vrolike blommekleur in jou tuin en ook by jou bure. Daar is niks wat jou bui so kan verbeter as blommeprag nie. Hou ‘n lekker lentetee in jou tuin met jou spesiale vriende (of die mense in jou blok)

Neem gerus foto’s van jou spesiale blom en whatsapp dit na die nuusbriefkantoor by 0716735276

## OUER MENSE-KWESBARE SLAGOFFERS

Die aanvalle op bejaarde mense neem jaarliks onrusbarend toe- nie net op plase nie, maar ook in winkelsentrums, vakansieplekke en hulle huise. Hierdie aanvalle word net stilweg by die algemene misdaadstatistiek gevoeg, want dit is nie meer nuus nie-veral in plattelandse gebiede.

Volgens Nantes Kelder van Afriforum, is daar verskeie redes waarom bejaardes maklike teikens is:

-Ons het gemaklik grootgeword met vensters en deure wat al die jare oopgestaan het.

-Die aanvallers kom as 'n oormag. Hoe kan weerlose oues hulle verset teen 4 of 5 swaar gewapende rowers?

-Hulle is hardkoppige ouer mense wat op hulle oudag op die plase aanbly en weier om na 'n veiliger woonplek te trek.

-Rowers weet dat bejaardes dikwels nie meer mooi kan hoor of sien nie, en dat hulle minder beweeglik is.

Die kommandostelsel wat verantwoordelik was vir die veiligheid van landelike gebiede, is in 2003 deur die regering ontbind en daar is nog nooit weer 'n alternatiewe landwye veiligheidsplan gevestig nie.

-Mense op plase word aangeraai om in te skakel by die plaasbeveiligingstelsel in hulle gebied.

-Stewige diefwering, veiligheidshekke, honde en ganse kan moontlik betyds waarsku sodat hulp ontbied kan word.

Ouer mense in dorpe en stede moet ook aktief betrokke raak by Gemeenskapspolisiëring en buurtwagstelsels. Diefwering, veiligheidshekke, alarmstelsels ens by hulle woonplekke.

Wanneer hulle inkopies gaan doen, moet groot winkelsentrums vermy word, want rowers is daar baie bedrywig.

Los jou dure juwele tuis; vat net 'n klein handsakkie met die noodsaaklike; moenie jou selfoon openlik vertoon nie; moenie kontant trek by 'n ATM waar baie mense rondstaan nie; en kyk altyd rond.

Volgens die SAMRK (Menseregte kommissie) is ouer mense ingevolge die Wet op Ouere Persone geregtig daarop om behoorlik beskerm te word, en Seksie 9 van die Grondwet bepaal ook daardie regte. Ons weet dit word nie gedoen nie. Die oplossing vir veilige verblyf: trek na 'n veilige Aftree Landgoed met 24-uur sekuriteit, patrollies; 'n elektriese omheining en slaap rustig snags. (soos by ons)

# SkitterBlink

CLEANING SERVICES

Your Sparkling Solution



## Once-Off Cleaning

- General Cleaning
- Deep Cleaning
- Pre/Post Cleaning
- Window Cleaning
- Builders/Renovation Cleaning
- Office & Commercial Cleaning



## Contract Cleaning

- Budget Team Cleaning
- Standard Team cleaning
- Deluxe Team Cleaning
- Office & Commercial Team Cleaning
- Domestic Worker Placements
- Office & Commercial Cleaning Placements
- Hygiene Services
- Commercial Deep cleaning

## Specialised Cleaning

- Carpet Cleaning
- Upholstery Cleaning
- Mattress Sanitizing & Wash
- High Window Cleaning
- Hoarder Clean Up
- Bio Hazard Cleaning:
  - Crime Scene Cleaning
  - Minor & Major Blood Spill Cleaning
  - Covid 19 Disinfection
- Emergency Clean Up:
  - Water Flooding
  - Fire & Soot Damage
  - Sewage overflow




Contact us

Ansie Vlok / Erika Misselhorn

Skitterblink Wierdapark

082 925 3250

wierdapark@skitterblink.co.za

www.skitterblink.co.za